

Aswoensdag

*'n Liturgie vir soekende sondaars en
mense wat bewus is van hul eie
weerloosheid.*

14 | 02 | 2018

18:30 - 19:30

Somerset-Wes
NG Gemeente



Lydenstyd is vir mense wat nie weet wat hulle doen nie.

Lydenstyd begin hierdie week wanneer Christene regoor die wêreld, die as van die verbrande palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag op hul voorkoppe smeer. Ons noem hierdie dag Aswoensdag. Dit is die begin van 'n veertig dae reis op pad na die opstanding van Jesus. Die getal 40 is 'n belangrike getal in die Bybel. Veertig dae en veertig nagte was die wêreld onder vloed. Veertig jaar het die Israëliete in die woestyn geswerf. Voordat Jesus se bediening begin het, het die Heilige Gees hom uitgedryf in die wildernis in, om daar vir veertig dae deur die duiwel beproef en deur die engele versorg te word.

Tussen Aswoensdag en Opstandingsondag wag Golgota en al die drama wat rondom Jesus se kruisiging gebeur het. Die intog in Jerusalem (Palmsondag), die vyeboom wat verdroog het, die reiniging van die tempel, die laaste avondmaal, Judas se verraad, die dissipels se gebrek aan waaksaamheid in Getsemane, Malgas se oor, die haan wat Petrus tot trane bring, Pilates se onskuldige hande, die Via Dolorosa, Jesus se kruiswoorde, die moordenaar se bekering, die Romeinse soldaat se belydenis, die ryk familie se graf, Maria wat Jesus verwar het met 'n tuinier, die Emmausgangers, Petrus wat besluit het om te gaan visvang, Thomas se twyfel en dan Jesus se opstandingswoorde: “Vrede vir julle.”

Al hierdie verhale is steeds sigbaar in die gewone lewens van alle mense. In die tyd wat kom het jy veertig dae om daagliks te bely dat jy ook dors is. Dat dit soms voel of God jou verlaat het. Dat jy dikwels angsbevange is. Dat jy sluimer, wanneer jy moet waak. Dat jy twyfel. En dat jy soos Judas, Petrus, Maria, Thomas, Barrabas en selfs Pilatus 'n brose mens is wat eintlik ook nie weet jy doen nie. Maar wanneer lydenstyd op daardie hoopvolle Sondagoggend verby is,

mag jy dan ontdek, by die ingang van die leë graf, dat Christus weet wat Hy doen en dat vir jou genoeg is.